

Hoe om 'n vertrek op te meet:

Vir die meeste mense is dit 'n groot uitdaging om elemente saam te bring sodat die ruimte funksioneel en esteties is.

Om 'n vertrek reg op te meet, kan uitdagend en oorweldigend voel; daarom weet die meeste mense nie waar om te begin nie.

In ontwerp speel beplanning van die begin af 'n groot rol. Dit beïnvloed die kwaliteit van die eindproduk.

Ons breek die prosesse in fases op om die prosesse vir jou makliker te maak.

Opmeting:

Opmeting is baie belangrik? Die meeste mense maak hiermee foute. Niemand wil met 'n bank sit wat te groot is vir 'n vertrek en 'n koffietafel wat te klein is in verhouding met die meubels nie.

Daar moet baie tyd spandeer word aan opmeting voordat 'n vertrek oorgedoen word. Die volgende opmetings is baie belangrik: Die lengte (L), die breedte (B) en die hoogte (H) van die vertrek. Dit skep die ruimte waarin die meubels geplaas word; dit bepaal die lugsirkulasie binne die vertrek en dit bepaal ook die hoeveel ruimte daar vir beweging is.



Gebruik die gids hieronder vir opmeting. Ons stel ons voor iemand help jou met die opmeting. Jy het een vloerplan nodig vir elke vertrek wat oorgedoen moet word. Alle mates moet mm wees. Alle opmetings moet akkuraat wees. Om die werk te vergemaklik gee asseblief soveel inligting as moontlik.

Wat het jy nodig om 'n vertrek op te meet:

- Maatband van ongeveer 5m, (5000mm).
- Blokkies papier wat jy kan aflaai op ons webwerf.
- Skoon papier waarop jy jou vry hand skets gaan teken en mates neerskryf.
- Potlood of pen. Dit werk maklik as jy verskillende kleure penne gebruik vir elke opdrag. Bv teken in swart. Skryf mates in rooi.
- Vensters in blou. Elektriese proppe en skakelaars in groen ens.
- Linaal, indien moontlik 'n skaal linaal.

*Let wel dat een blokkie 10mm op blokkies papier gelyk is aan 500mm in die regte lewe.


Dus werk jy met die skaal 1:50. (1mm: 50mm)




Hoe om te meet:

1. Bo-aan albei die bladsye (blokkies papier en skoon papier), identifiseer die vertrek met verwysing na die doel of funksie van die vertrek. (bv. eet- of slaapkamer ens.)
2. Teken die vorm van die vertrek van bo af op die skoon papier sodat die volle vertrek op jou skets gesien kan word. Dit hoef nie volgens skaal te wees nie.
3. Meet die vertrek se sye (hoek tot hoek) Hier meet jy die lengte en breedte van vertrek. Meet ook die hoogte vanaf die vloer tot bo teen plafon (PH).
Dan het jy nou die L x B x H gemeet in mm.
Dui aan of die mure 'n dubbel- of enkelmuur is. Meet die dikte van die mure by 'n deur of venster.

SLAAPKAMER : GASTE



SLAAPKAMER : GASTE



4. Teken alle venster- en deuropeninge in op jou skets.

Venster (W) Deur (D)



- Om die posisie van die venster- of deuropening te bepaal meet vanaf die hoek van die vertrek tot by die venster- of deuropening.
- Meet dan die venster- of deuropening se basis(b) , hoogte(h)
- Jy moet ook die hoogte van die venster vanaf die vloer meet.
- Dui ook die materiaal aan waarvan die venster of deur gemaak is bv. hout, staal, aluminium.

Verskaf alle mates op jou plan. (Soos in die skets hierbo)

5. Teken dan die sye van die vertrek volgens skaal op die skoon blokkiespapier oor. Dit is jou plan van die vertrek wat jy vir ons gaan instuur.

6. Teken alle venster- en deuropeninge, volgens skaal, oor op jou plan.

SLAAPKAMER : GASTE



7. Teken enige ander detail elemente in, soos 'n kaggel, pilare en ander voorwerpe wat nie geskuif kan word nie. Meet elke voorwerp en dui dit aan op jou plan. Onthou dat jy ook hier baie akkurate opmetings moet doen.



bv: Kaggel – l x b x h



8. Die posisie van ligskakelaars en elektriese proppe moet ook op jou plan aangedui word. Meet altyd van die middel van die skakelaar of prop na die naaste hoek van die vertrek. Dui ook aan of kragprop laag (L) of hoog (H) is.





Stuur al jou sketse in. Die wat jy met die hand geteken het, asook die wat op blokkies papier is. Daar kan nooit te veel inligting deurgegee word nie.

*Ons sal die inligting deurgaen en jou kontak indien daar inligting kort.

Maak gebruik van die volgende simbole:

Elektroniese simbole	
Skets op Plan	Naam
	Enkel Skakelaar
	Dubbel skakelaar
	Trippel skakelaar
	Enkel Skakelaar / Dubbel skakelaar - Twee rigting
	Plafon lig
	Dak waaier
	"Downlight"
	"Tilt Downlight"
	Kandelaar
	Muurligte
	Plafon Hanglig
	Muur Skyn lig
	Skyn ligte
	Enkel muur prop. Dui aan of prop Laag(L) of Hoog(H) is.
	Dubbel muur prop. Dui aan of prop Laag(L) of Hoog(H) is.

Argitektoniese Simbole	
Skets op Plan	Naam
	Deur
	Dubbel deur
	Deur met Veiligheidshek
	Moderne Konsertina deure. Dui aan na watter kant die deur oopmaak
	Opening in Muur
	Pivot voordeur
	Skuifdeur. Dui aan na watter kant die deur skuif.
	Venster

Meubels Simbole	
Skets op Plan	Naam
	Enkel en Dubbel bed
	Banke en Stoele
	L-vorm bank
	Kaste - Vol diepte/ Onder vol diep, bo half diep
	Bad
	Dubbel Sink
	Stort
	Toestelle - Yskas, Wasmasjien, Skottelgoedwasser, Vrieskas
	Stoof
	Tafels
	Toilet
	Wasbak
	TV kas en tafel

'n Vertrek is 'n leefruimte. Wat jy in die vertrek gaan doen, bepaal die funksie en 'n doel van die vertrek. Bv. Slaapkamer: ons slaap daar, maar ons lees ook in die ruimte en drink 'n glas wyn in stilte. Hoeveel mense die ruimte gaan gebruik is ook van belang.

Ons sal elke vertrek ontwerp om aan jou spesifieke behoeftes te voldoen. Dit moet jou eie unieke ruimte wees waarin jy tuis gaan voel.

Skryf die doel en funksie van 'n vertrek neer en ook hoeveel mense die vertrek gaan gebruik.

Voorbeeld:

Vertrek: TV kamer.

Hoeveel mense dit gebruik: 5

Aktiwiteite:	Benodigdhede vir aktiwiteite.(beligting, meubels, dekor-elemente ens.)
TV-kyk	Banke TV en TV-kas Kussings en komberse Beligting
Video-speletjies	Gemaklike banke Ottoman Kas (om speletjies te bêre)
Lees	Boekrak. Goeie beligting Kussings en komberse
Kuier	Gemaklike sitplekke vir ongeveer 10 mense. Plek om glase neer te sit.
Bordspeletjies	Mat Groot koffietafel Spasie Kas (om speletjies te bêre)

Nadat jy besluit het wat in die vertrek gaan plaasvind, is dit maklik om items by te voeg of weg te neem.

Watter dekor elemente kan jy bysit om die vertrek esteties en funksioneel te maak? Soos byvoorbeeld 'n skinkbord op die koffietafel waarin elemente soos 'n afstandbeheerder vir die TV, boeke, ens. netjies gebêre kan word. Mooi strooikussings op die banke wat TV-kyk gemakliker maak of 'n mooi kombers vir die aande.

Vertrek: _____

Hoeveelheid mense dit gaan gebruik: _____

Aktiwiteite:	Benodighede om aktiwiteite te doen: (beligting, meubels, dekor elemente ens.)